basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE

## NOVEMBER 2011

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SES vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae.
   AFDELING C: Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.

2. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees die vrae aandagtig deur.

5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

7. Beantwoord in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde ooreenstem met die vereistes van die vrae.

8. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **50 PUNTE – 25 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.12) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Vastekapitaalverbruik word gebruik om BBP teen … te bereken.

A basiese pryse
B markpryse
C faktorkoste

1.1.2 Watter periode van die sakesiklus word met stygende winste en verbruik geassosieer?

A Voorspoed
B Afswaai
C Trog

1.1.3 Doelbewuste aksie deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank om die waarde van die rand te verlaag, staan bekend as …

A depresiasie.
B appresiasie.
C devaluasie.

1.1.4 Produkte van 'n volmaakte mededinger is …

A uniek.
B gedifferensieerd.
C homogeen.

1.1.5 Nywerhede waar skaalbesparings so groot is dat 'n enkele besigheid die totale mark kan voorsien, is tipies van 'n … monopolie.

A natuurlike
B regs-
C plaaslike

1.1.6 'n Situasie waar identiese produkte teen verskillende pryse aan verskillende verbruikers verkoop word, staan bekend as prys-…

A differensiasie.
B stabiliteit.
C diskriminasie.

1.1.7 'n Nywerheidspark wat spesiaal gebou word, wat fisies omhein is en met 'n internasionale hawe verbind is, is 'n …

A nywerheidsontwikkelingsone.
B korridor.
C nywerheidsontwikkelingsgemeenskap.

1.1.8 'n Belangrike ekonomiese ontwikkelingsinstelling in Suider-Afrika is …

A die SARB.
B ABSA.
C die OBSA.

1.1.9 Owerheidsbeleide oor vervaardiging word dikwels …-beleide genoem.

A ontwikkelings
B nywerheids
C belasting

1.1.10 Hiperinflasie is al aangeteken in ontwikkelende lande wat … ondervind het.

A 'n toename in die koopkrag van geld
B sosiale en politieke konflik of 'n burgeroorlog
C 'n daling in die inflasiekoers

1.1.11 Die toerismevermenigvuldiger impliseer dat die …

A voordeel uit 'n toeris groter is as die geld wat gespandeer is.
B vermenigvuldiger altyd kleiner as een is.
C voordeel uit 'n toeris kleiner is as die geld wat gespandeer is.

1.1.12 Toerisme is …-intensief.

A kapitaal
B arbeids
C risiko (12 x 2) (24)

1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| disekwilibrium; niemeriete-goedere; bewaring; dumping; ekonomiese aanwyser; ewewig |

1.2.1 Die verkoop van goedere in die buiteland teen pryse laer as die produksiekoste in die land van oorsprong

1.2.2 Sigarette, alkohol en tabak

1.2.3 Surplus of tekort op die betalingsbalans

1.2.4 Reële Bruto Binnelandse Produk

1.2.5 Volhoubaarheid van ons natuurlike hulpbronne (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Vermenigvuldiger | A besteding van 'n besigheid op die aankoop van insette benodig vir produksie |
| 1.3.2 SADU | B die verhouding tussen die uiteindelike verandering in inkome en die aanvanklike belegging |
| 1.3.3 Eksplisiete koste | C daardie deel van 'n toename in inkome wat nie verbruik word nie |
| 1.3.4 Markstruktuur | D organisatoriese kenmerke van volmaakte en onvolmaakte markte |
| 1.3.5 Marginale spaar-geneigdheid | E onderhandel oor buitelandse vryhandelsgebiede met die res van die wêreld |
| 1.3.6 Gini-koëffisiënt | F 'n stel regsbindende internasionale ooreenkomste gemik op die vermindering van kweekhuisgasse |
| 1.3.7 Kyoto Protokol | G die verspreiding van inkome onder die bevolking |
| 1.3.8 Beskerming | H voorkom die uitwissing van elemente van die omgewing |
| | I dié deel van die bevolking wat op minder as $1 per dag leef |

(8 x 2) (16)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2** **50 PUNTE – 25 MINUTE**

2.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Huishoudelike besparings word deur die (arbeids-/finansiële) mark gekanaliseer.

2.1.2 Reële en geldvloeie beweeg in (dieselfde/'n teenoorgestelde) rigting in die ekonomiesekringloop-model.

2.1.3 Die verhouding tussen uitvoer- en invoerpryse word omskryf deur die ruil-(voet/ooreenkoms).

2.1.4 Finansiëlehulp-skemas in landelike gebiede maak deel uit van die owerheid se (ekonomiese/maatskaplike) dienste. (4 x 2) (8)

2.2 Noem enige DRIE voorbeelde van gemeenskapsgoedere. (3 x 2) (6)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BETALINGSBALANS VAN SUID-AFRIKA**

| LOPENDE REKENING | R MILJOENE |
|---|---|
| Goedere-uitvoere | 503 656 |
| Dienste-ontvangste | 100 681 |
| Dienstebetalings | 123 579 |
| Goedere-invoere | 554 161 |
| Inkomste-ontvangste | 34 075 |
| Inkomstebetalings | 87 593 |
| Netto gouduitvoere | 52 776 |

[Bron: *Kwartaalblad*, SARB, Junie 2010]

2.3.1 Definieer die begrip *betalingsbalans*. (3)

2.3.2 Bereken die handelsbalans in die betalingsbalans. (3)

2.3.3 Hoe sal die handelsbalans beïnvloed word as 'n belangrike Suid-Afrikaanse kleinhandelaar meer klere uit China invoer? (2)

2.3.4 Noem die item wat uitgelaat is, wat nodig is om die saldo op die lopende rekening te bereken. (2)

2.4 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**FISKALE VERANDERINGE SAL HEEL MOONTLIK VOORTGAAN**

Die Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring (MTBPV) toon 'n beplande toename in owerheidsbesteding na R977 bn. in 2011/12 – 'n styging van 8%, insluitende 'n werkfonds van R9 bn, oor die volgende drie jaar en R20 bn. in belastingaftrekkings en belastingtoegewings om belegging in die vervaardigingsektor aan te moedig.

Die Nywerheidsbeleid-aksieplan (NBAP) en Nuwe Groeiplanraamwerk (NGPR) gee voorkeur aan die vervaardigingsektor as 'n skepper van werksgeleenthede vir semi- of ongeskoolde werkers. Vir die nasionale begroting om konsekwent te wees met genoemde owerheidsdoelwitte, sal owerheidsbesteding toenemend 'n groei-agenda moet ondersteun.

Suid-Afrika se eerste prioriteit is ekonomiese groei en werkskepping. Die owerheid se pogings met betrekking tot maatskaplike en herverdelingskwessies oorskry dié wat toegewy is aan die skepping van 'n groeivriendelike omgewing.

[Aangepas uit *Business Report*, Februarie 2011]

2.4.1 Wat word met *fiskale veranderinge* bedoel? (2)

2.4.2 Gee EEN rede waarom jy dink die owerheid die vervaardigingsektor as 'n skepper van werksgeleenthede teiken. (2)

2.4.3 Wat verstaan jy onder '… sal owerheidsbesteding toenemend 'n groei-agenda moet ondersteun'? (4)

2.4.4 Kies 'n frase uit die uittreksel om te toon hoekom daar te min groei in die ekonomie plaasvind. (2)

2.5 Bespreek die endogene benadering as 'n oorsaak van sakesiklusse. (4 x 2) (8)

2.6 Bespreek die interaksie tussen huishoudings en die staat as deelnemers aan die ekonomiese kringloop. (4 x 2) (8)

**[50]**

**VRAAG 3** **50 PUNTE – 25 MINUTE**

3.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 By 'n (positiewe/negatiewe) eksternaliteit is die private koste van produksie minder as die sosiale koste van produksie.

3.1.2 Owerhede gryp in en verseker dat voldoende hoeveelhede stapelvoedsel geproduseer word deur (minimum/maksimum) pryse vir hierdie goedere vas te stel.


3.1.3 Die vorm van die vraagkurwe vir 'n monopolistiese mededinger is (dieselfde/nie dieselfde nie) as dié van 'n monopolis.

3.1.4 Wanneer die produkmengsel nie die verbruiker se smaak reflekteer nie, dui dit op (produktiewe/toekennings-) ondoeltreffendheid. (4 x 2) (8)

3.2 Noem DRIE maniere waarop die owerheid belastinginkomste kan gebruik om die ongelyke verdeling van inkomste te verminder. (3 x 2) (6)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MONOPOLIE**





3.3.1 Watter punt op die grafiek dui optimum produksie aan? (2)

3.3.2 Beskryf die aard van die produk wat aangebied word. (2)

3.3.3 Maak die besigheid 'n ekonomiese wins of ekonomiese verlies? Toon ALLE berekeninge. (6)

3.4 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Zapiro, *Mail & Guardian*, 2008]

3.4.1 Identifiseer die markstruktuur in die spotprent hierbo. (2)

3.4.2 Beskryf die boodskap wat in die spotprent uitgebeeld word. (2)

3.4.3 Hoe kan 'n besigheid in hierdie nywerheid sy markaandeel vergroot? (2)

3.4.4 Noem enige TWEE nywerhede wat deur die Mededingingskommissie vir prysvasstelling in Suid-Afrika ondersoek is. (4)

3.5 Verduidelik kortliks die rasionaal agter koste-voordeel-ontleding. (4 x 2) (8)

3.6 Bespreek die doelwitte van die mededingingsbeleid in Suid-Afrika. (2 x 4) (8)
**[50]**

**VRAAG 4** **50 PUNTE – 25 MINUTE**

4.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Aksies wat die vrye werking van markte beperk, word (regulering/deregulering) genoem.

4.1.2 Monetêrebeleidsbesluite word deur die (kommersiële/sentrale) banke geneem.

4.1.3 Ekonomiese (sentralisasie/desentralisasie) verwys na streeks-ontwikkeling dwarsoor die land.

4.1.4 Die Wet op (Gelyke Mededinging/Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging) vorm die regsbasis vir die transformasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie. (4 x 2) (8)

4.2 Noem enige DRIE metodes wat gebruik kan word om invoervervanging aan te moedig. (3 x 2) (6)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SAOG: WATER IS LEWE, SAAM, VIR ALTYD!**

Die Wêreldwye Watervennootskap omskryf geïntegreerde waterhulpbron-bestuur as 'n proses wat die gekoördineerde ontwikkeling en bestuur van water, grond en verwante hulpbronne bevorder. Hierdie proses poog om die positiewe effek op ekonomiese en maatskaplike welsyn op so 'n wyse te verhoog/vergroot dat die volhoubaarheid van noodsaaklike ekosisteme nie in gevaar gestel sal word nie.

Die kern van hierdie proses lê in die behoefte van 'n streek om sy eie waterinfrastruktuur te ontwikkel, wat sterk genoeg sal wees om die uitwerking van klimaatsverandering te weerstaan.

Die SAOG het twee hoofteikens vir water in sy Streeks- Strategiese Ontwikkelingsplan gestel:

- Ontwikkel die waterinfrastruktuur wat nodig is om grond onder besproeiing teen 2015 te verdubbel.
- Halveer dié deel van die bevolking sonder toegang tot drinkwater en sanitasie.

[Aangepas uit *Skyways*, Februarie 2011]


4.3.1 Waarvoor staan die afkorting *SAOG*? (2)

4.3.2 Identifiseer enige TWEE positiewe uitkomste van die geïntegreerde waterhulpbron-bestuursproses. (4)

4.3.3 Noem EEN negatiewe effek wat klimaatsverandering op die streek se waterhulpbronne kan hê. (2)

4.3.4 Watter sosiale aanwyser word deur die SAOG se Streeks-Strategiese Ontwikkelingsplan geteiken? (2)

4.4 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *Mail & Guardian*, 2008]

4.4.1 Wie word deur die uitbuiters ('loan sharks') geteiken? (2)

4.4.2 Noem EEN ander internasionale instelling wat lenings aanbied. (2)

4.4.3 Noem EEN moontlike projek waarna die uitbuiters verwys. (2)

4.4.4 Gee EEN rede waarom dit nie 'n goeie idee sal wees om die leningaanbod te aanvaar nie. (2)

4.4.5 Noem EEN lidland van die G8. (2)

4.5 Verduidelik kortliks die vraagkantbeleid wat in die bevordering van groei en ontwikkeling gebruik word. (4 x 2) (8)

4.6 Bespreek enige TWEE argumente ten gunste van vryhandel. (2 x 4) (8)
**[50]**

**VRAAG 5** **50 PUNTE – 25 MINUTE**

5.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

5.1.1 Die inflasieteiken word deur (die owerheid/markkragte) bepaal.

5.1.2 Die land wat toeriste besoek, word die (bestemming/toeris-genererende land) genoem.

5.1.3 Die vernietiging van koraalriwwe veroorsaak (direkte omgewing-spanning/die skepping van afvalprodukte).

5.1.4 Hergebruik van goedere nadat hulle klaar hul oorspronklike doel gedien het, word (herwinning/degradering) genoem. (4 x 2) (8)

5.2 Noem enige DRIE voorbeelde van ekotoerisme in Suid-Afrika. (3 x 2) (6)

5.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SKOON STEENKOOL VIR 'N KLEIN KOOLSTOFVOETSPOOR**

Suid-Afrika is verbind tot die vermindering van kweekhuisgasvrystellings uit sy steenkool-afhanklike ekonomie teen 2025. Die minister van ekonomiese ontwikkeling stel die gebruik van ondergrondse steenkoolgasifikasie voor om van steenkoolgedrewe kragopwekking ontslae te raak en om die land se koolstofvoetspoor te verklein. Op hierdie manier kan ons steeds die voordeel van steenkoolreserwes geniet, terwyl ons 'n alternatiewe infrastruktuur ontwikkel.

Volgens Ibrahim Patel word Suid-Afrika met enorme armoede en werkloosheid as ontwikkelingsuitdagings gekonfronteer, terwyl die verbintenis tot klimaatsverandering en die potensiaal van 'n groen ekonomie nie geïgnoreer kan word nie.

Die Nywerheidsontwikkelingsraad het R25 biljoen eenkant gesit om beleggings in die groen ekonomie te ondersteun, wat verder aangehelp word deur groenbelasting. Die owerheid is tans besig om 'n databasis saam te stel van werkskeppende projekte wat klimaatsvriendelik is ten opsigte van energie, vervaardiging, afvalbeheer, ekotoerisme, landbou en mynbou.


[Aangepas uit *Sunday Independent*, Februarie 2011]

5.3.1 Gee EEN voorbeeld van 'n hernubare energiebron. (3)

5.3.2 Wat word bedoel met *verkleining van 'n koolstofvoetspoor*? (3)

5.3.3 Verduidelik die begrip *groenbelasting*. (4)

5.4 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Internet, Februarie 2011]

5.4.1 Wat was die neiging van die Suid-Afrikaanse inflasiekoers sedert Julie 2008? (2)

5.4.2 Wat sal die uitwerking op binnelandse toerisme wees as die inflasiekoers daal? (3)

5.4.3 Wanneer, volgens die grafiek, is binnelandse toeriste die meeste benadeel deur die inflasiekoers? (2)

5.4.4 Voldoen die inflasiekoers van Januarie 2011 aan die inflasieteiken van Suid-Afrika? Gee 'n rede. (3)

5.5 Verduidelik die belangrikheid van inheemse kennisstelsels in die versterking van Suid-Afrika se toerismeprofiel. (4 x 2) (8)

5.6 Bespreek enige TWEE voordele van toerisme vir die huishoudings. (2 x 4) (8)

**[50]**

**VRAAG 6** **50 PUNTE – 25 MINUTE**

6.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

6.1.1 'n Algemene ekonomiese opswaai kan verwag word as (leidende/samevallende) aanwysers verbeter.

6.1.2 Spesifieke toelaes word meestal vir (infrastruktuur/onverwagse) besteding gebruik.

6.1.3 Die implisiete BBP-deflator is die verhouding van die BBP teen huidige pryse tot die (BBP/BNP) teen konstante pryse.

6.1.4 Bome is (hernubare/niehernubare) hulpbronne. (4 x 2) (8)

6.2 Gee enige DRIE redes vir groei in internasionale toerisme. (3 x 2) (6)

6.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **NASIONALE INKOME-TOTALE** | **R MILJOENE** |
|---|---|
| Finale verbruiksbesteding deur huishoudings | 1 473 490 |
| Finale verbruiksbesteding deur die owerheid | 505 040 |
| Bruto kapitaalvorming | 467 878 |
| Residuele item | -18 092 |
| **Bruto Binnelandse Besteding** | **2 428 316** |
| Uitvoer van goedere en dienste | 657 113 |
| Invoer van goedere en dienste | 677 740 |
| **Besteding op BBP(E) teen markpryse** | **A** |


[Bron: *Kwartaalblad*, SARB, Junie 2010]

6.3.1 Verduidelik die begrip *bruto kapitaalvorming*. (3)

6.3.2 Bereken die waarde van **A**. (3)

6.3.3 As jy die produksiemetode gebruik om die BBP(P) teen markpryse te bereken, sal die BBP(E) meer, dieselfde of minder wees? Motiveer jou antwoord. (4)

6.4 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit *Mail & Guardian*, 2009]

6.4.1 Definieer die begrip *besoedeling*. (2)

6.4.2 Gee EEN voorbeeld van nywerheidsbesoedeling. (2)

6.4.3 Hoekom word nywerheidsbesoedeling as 'n ernstiger tipe besoedeling beskou? (3)

6.4.4 Watter maatreël kan, na jou mening, ingestel word om die nadelige uitwerking van giftige grondwater te oorkom? (3)

6.5 Bespreek enige TWEE redes vir openbaresektor-mislukking. (2 x 4) (8)

6.6 Bespreek die effek van toerisme op die Bruto Binnelandse Produk en indiensneming/werkverskaffing. (2 x 4) (8)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**

## AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Opstelantwoorde:

- Moet 'n inleiding, inhoud en slot insluit.
- Vir die inleiding en slot sal 5 punte toegeken word.
- 'n Bykomende 5 punte sal toegeken word vir die interpretasie van die onderwerp.
- 'n Maksimum van 40 punte sal toegeken word vir die inhoud.

**VRAAG 7** **50 PUNTE – 40 MINUTE**

Bespreek die vernaamste aanbodredes vir internasionale handel. **[50]**

**VRAAG 8** **50 PUNTE – 40 MINUTE**

Gebruik grafieke om die verskillende korttermyn-ewewigsposisies vir 'n individuele besigheid in die volmaakte mark te ontleed. **[50]**

**VRAAG 9** **50 PUNTE – 40 MINUTE**

Bespreek die volgende ekonomiese aanwysers wat gebruik word om die prestasie van die ekonomie te meet:

- Produksie (reële BBP)
- Indiensname/Werkloosheid
- Geldvoorraad
- Die inflasiekoers (VPI)

**[50]**

**VRAAG 10** **50 PUNTE – 40 MINUTE**

Bespreek die oorsake en gevolge van vraag-trek-inflasie. **[50]**

**TOTAAL AFDELING C: 100**
**GROOTTOTAAL: 300**